


*Renosters in die Sabie Sandwildreservaat gebruik Evkom se kragpale vir skuurpale.● Rhinos in the Sabie Sand Game Reserve use Escom's electricity poles as rubbing posts.*

6385

# Renosters laat Evkom kop krap



*Stukke van die beskadigde pale is in die grond geplant — spesiaal vir die jeukende renosters. ● Ready-made rubbing posts for the itchy rhinos — courtesy of Escom.*

Jeukende renosters in die Sabie-Sandwildreservaat het Evkom se instandhoudingspanne onlangs lekker laat kop krap.

Dié renosters het besluit om Evkom se kragpale as skuurpale te gebruik pleks van die gewone maroelabome.

"Die renosters se gekrap het kraglyne na mekaar laat swaai en dit het oorvonking en kragonderbrekings veroorsaak," sê mnr. George van der Merwe, Evkom se areabestuurder (Laeveld). "Die brute krag van die diere het veroorsaak dat pale uit die grond gelig is en gevaarlik oorgehel het."

Hoewel dit Evkom se beleid is om te verhoed dat kraglyne deur sensitiewe natuurgebiede loop, het wildreservate dikwels elektrisiteit nodig vir die pomp van water na suipplekke en vir verkoeling.

Die probleem is opgelos deur die kragpale weer te plant en groot klippe rondom te pak om die skuurdery te voorkom. Stukke van die beskadigde pale is naby die nuwes oorgeplant — en die renosters net nou hul eie skuurpale.

Kragpale en -lyne in natuurgebiede word gewoonlik aangepas om die aanslae van groot diere te kan weerstaan. Sekere pale in die Sabie-Sand-reservaat is hoër sodat kameelperde ongehinderd onderdeur kan loop.



*Instandhoudingspanne moes klippe om die nuwe pale pak om dit renosterbestand te maak. ● Maintenance teams placed large stones around the poles to make them rhino proof.*



Custos, Vol. 16 No. 3 ISSN 0379-9921

14/7

# custos

Tydskrif voor ons Natuur en Nasionale Parke
The National Parks and Wildlife Magazine

JUNE/JUNIE 198
R2,00 + AVB/GS



ISSN 0379-9921
06
9 770379 992008

- Groot sewe gryp nog die verbeelding aan
- "New" cuckoo spotted in Kruger Park